



Vak: Graad 4 Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis)
Onderwerp: Sosiale Wetenskappe (Geskiedenis): Kwartaal
2 - Eksamen 1
Totaal: 86 Punte

Naam: _____

Datum: _____

Vraag 1: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Gandhi het ... jaar in Suid-Afrika gebly?

Gee net die getal.

Vraag 2: Skryf Jou Antwoord

3 punte

In watter **jaar** het die eerste demokratiese verkiesing plaasgevind?

Gee slegs die jaar.

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 3

My life is my message.

- Mahatma Gandhi

Vraag 3: Veelvuldige Keuse

4 punte

Hierdie aanhaling verwys na Gandhi se lewe as 'n

- | | |
|----------|-----------|
| A | martelaar |
| B | probleem |
| C | stil man |
| D | voorbeeld |



Vraag 4: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Indien Nelson Mandela in 2018 nog gelewe het, sou hy 100 jaar oud gewees het.

In watter jaar is Nelson Mandela gebore?

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 5**Vraag 5: Veelvuldige Keuse**

4 punte


Ons kan meer uitvind omtrent die plaaslike gebied deur objekte soos ... te bestudeer.

Jy moet jou antwoord uit die illustrasie aflei.

- | | |
|----------|-------------------------------|
| A | hutte |
| B | geboue |
| C | klere wat deur mense gedra is |
| D | meubels |



Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 6



<http://www.ldssmile.com/2013/12/06/904/>

“Toe ek by die deur uitloop wat na my vryheid lei, het ek geweet, as ek my bitterheid en haat nie agterlaat nie, ek steeds in die tronk sou wees.” Nelson Mandela

Vraag 6: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Lees die aanhaling deur Nelson Mandela.

Mandela het geweet om (1) te wees, sou hy die mense wat onregverdige dinge aan hom gedoen het, tydens die apartheidsera, moes (2) .

Opsies Is: aan bewind | heeltetal vry | vergewe | straf

1		2	
---	--	---	--

Vraag 7: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte


Voordat jy 'n onderhoud met iemand voer, ten einde inligting te kry oor die verlede in jou plaaslike gebied, moet jy (1) .

Tydens die onderhoud moet jy (2) .

Opsies Is: uitvind hoe oud die persoon is | die vrae wat jy die persoon wil vra, neerskryf | die persoon se antwoorde memoriseer | die persoon se antwoorde neerskryf

1		2	
---	--	---	--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 8



Vraag 8: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Gebruik die prentjie om hierdie vraag te antwoord.

Ons kan (1) en (2) gebruik om uit te vind oor die geskiedenis van 'n plaaslike gebied.

Antwoord in alfabetiese volgorde.

Opsies is: objekte | prentjies | mense | geskrewe hulpbronne

1	
----------	--

2	
----------	--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 9



Vraag 9: Skryf Jou Antwoord

3 punte

... gee vir ons inligting oor belangrike mense, wat belangrike dinge in ons plaaslike gebied, of in ons land gedoen het.

Die antwoord is een woord.

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 10

Die beste manier om
jouself te vind is om
jouself te verloor in
die diens van ander.

- Mahatma Gandhi

Vraag 10: Veelvuldige Keuse

4 punte

Van watter kwaliteit is die aanhaling 'n voorbeeld?

- | | |
|----------|------------------|
| A | dapperheid |
| B | om ander te dien |
| C | slim |
| D | regverdigheid |

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 11



Vraag 11: Veelvuldige Keuse

3 punte

Iets wat ons herinner aan mense wat oorlede is, is

- | | |
|----------|----------------|
| A | 'n museum |
| B | 'n gedenkteken |
| C | geskiedenis |
| D | objekte |

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 12



<http://www.dreamstime.com/editorial-stock-photo-prison-single-ward-nelson-mandela-robber-island-where-president-south-africa-was-imprisoned-eighteen-years-unesco-world-image41584888>

Vraag 12: Veelvuldige Keuse

4 punte

Waar sal jy hierdie tronksel vind?

- | | |
|----------|-----------------|
| A | Victor Verster |
| B | Robben Eiland |
| C | Pollsmoor-tronk |
| D | Kaapstad-tronk |

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 13, 14



Vraag 13: Waar/Onwaar

2 punte

Mahatma Gandhi se naam by geboorte was Mohandas.

WAAR

ONWAAR

Vraag 14: Waar/Onwaar

2 punte

Gandhi was slegs een keer in die tronk.

WAAR

ONWAAR



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 15



Vraag 15: Skryf Jou Antwoord

2 punte

Ons kan op die ... gaan soek vir inligting oor die hede in 'n plaaslike gebied.

(Voltooi die sin met een woord).

--

Vraag 16: Waar/Onwaar

2 punte

Nelson Mandela was die eerste president van Suid-Afrika.

WAAR

ONWAAR

Vraag 17: Voltooi Die Ontbrekende

8 punte

Nelson Mandela se ouers het hom die naam (1) gegee wat (2) beteken. Sy onderwyser het vir hom die naam gegee (3) . Hy was ook bekend as (4) , omdat dit sy stamnaam was.

Opsies Is: Tata | Nelson | Mandela | Rolihlahla | Madiba | Thembu | moeilikheidmaker | stout seun

1	
3	

2	
4	



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 18



Vraag 18: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

(1) soos ou (2) voorsien ons van informasie oor vervoer in die verlede.

Opsies Is: Voorwerpe | Mense | motors | meubels

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 19: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Gandhi het ... jaar in Suid-Afrika gewoon.

Gee **slegs** die **nommer**.

--

Vraag 20: Voltooi Die Ontbrekende

6 punte

Mohandas Gandhi is in 1948 (1) as gevolg van sy idees oor (2) en gelykheid. Op daardie oomblik was hy oppad om te gaan (3) .

Opsies Is: bid | verdraagsaamheid | vermoor | gelykheid | aanvaarding

1	
3	

2	
----------	--

Vraag 21: Veelvuldige Keuse

4 punte

Watter leiereienskap word die beste deur die onderstaande sin beskryf?

Nelson Mandela het voortgegaan om betogings teen die apartheidsregering te organiseer, selfs nadat die ANC verban is.

- | | |
|----------|------------|
| A | vriendelik |
| B | regverdig |
| C | eerlik |
| D | dapper |

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 22

**Vraag 22: Waar/Onwaar**

2 punte

Plekke van aanbidding gee nie vir ons inligting oor 'n plaaslike gebied nie.

WAAR**ONWAAR****Vraag 23: Waar/Onwaar**

2 punte

Deur 'n ou foto van 'n Graad Vier-klas te bestudeer, sal jy kan sien of en hoe die skooluniform verander het.

WAAR**ONWAAR**

Vraag 24: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Gandhi was van 'n ... afgegooi omdat hy in die verkeerde seksie gesit het.

Hierdie teks verwys na die volgende vrae: 25

Nelson Mandela het sy studies begin by die Universiteit van Fort Hare. Hy is geskors omdat hy betoog het. Hy het sy BA graad deur die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) voltooi en is terug na Fort Hare vir sy gradeplegtigheid in 1943. Daarna studeer hy aan die Universiteit van die Witwatersrand waar hy uit sy eie weggaan. Daarna studeer hy deur die Universiteit van Londen, maar voltooi nie sy graad nie. Terwyl hy in die gevangenis was, het Mandela sy regsgraad deur UNISA voltooi.

Vraag 25: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die eerste universiteit waar Mandela studeer het, was die Universiteit van

Antwoord slegs met die ontbrekende woorde.

Totaal: 86 Punte